higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N6

(Eerste Vraestel)

26 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 3 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1
- Jy is veerkragtig en gooi nie maklik tou op nie.
- Jy het dit nog altyd geniet om goed te verkoop, selfs toe jy ’n kind was.
- Jy volg nie ’n voorafbepaalde weg nie.
- Jy voel nie gemaklik daarmee om vir ander te werk nie.

(Enige ander tersaaklike/toepaslike eienskappe – 4 × 2) (8)

1.2 1.2.1 Deurdryfpreneur – vaardig in aggressiewe verkope en kan enigiets aan enigiemand verkoop

1.2.2 Handelaarpreneur – koop en verkoop dinge

1.2.3 Allesdoenpreneur – kan talle verskillende ondernemings bedryf, maar is nie kundig betreffende enigeen nie

1.2.4 Reispreneur – besit ’n winsgewende onderneming wat NIE tot 'n bepaalde ligging beperk is nie

1.2.5 Geekpreneur – obsessief betrokke by of bespreek rekenaarverwante take met groot geesdrif of met groot aandag aan die tegniese besonderhede

1.2.6 Broeikaspreneur – In die sakewêreld is 'n 'broeikas' 'n onderneming wat gestig word om kantoorruimte, toerusting en soms mentorhulp en kapitaal te voorsien aan nuwe ondernemings wat pas begin is.

(6 × 2) (12)

1.3 Voordele
- Differensiasie stel 'n onderneming in staat om mee te ding in 'n area wat nie prys is nie. Verbruikers sien dit as iets anders en unieks en dus begeerlik.
- Dit kan verbruikers lojaal aan jou handelsmerk maak en hulle sal dan huiwerig wees om hulle na 'n ander handelsmerk te wend.
- Verbruikers beskou jou produk as dat dit 'n waarde het wat hulle nie uit enigeen van jou mededingers se produkte kan verkry nie.
- Jy kan 'n hoër prys vir jou produk vra. (2 × 2) (4)

Nadele
- Dit kan 'n duur strategie wees aangesien die onderneming sy produkte aanhoudend moet verander namate verbruikers se smaak verander.
- Dit is moeilik om 'n bedryf te betree waarin ondernemings met behulp van differensiasie meeding.
- Indien die produk wat jy produseer, begeerlik of wenslik is, kan ander ondernemings vervalste of nagebootste weergawes daarvan produseer.

(2 × 2) (4)

1.4
- Die onderneming ontgroei sy hulpbronne.
- Die huidige hulpbronne of manier van sake doen, is besig om verouderd te word, wat die onderneming niemededingend kan maak.
- Die mark vir die onderneming se produkte is besig om te verander.
- Eienaars en bestuurders word moeg en afgerem en het verandering nodig om hulle tot groter proaktiewe optrede te skok.
- Mededingers is aktief besig om die onderneming aan te val. (4 × 2) (8)

1.5 1.5.1 Konsultantfirma – 'n onderneming wat raad en leiding oor 'n gespesialiseerde onderwerp gee, byvoorbeeld 'n finansiële konsultant of 'n IT-konsultant

1.5.2 Samesmelting – om min of meer op 'n gelyke grondslag by 'n ander onderneming aan te sluit

(2 × 2) (4)

1.6 1.6.1 C
1.6.2 E
1.6.3 D
1.6.4 B
1.6.5 A

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou